BELEIDSDOKUMENT

NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

BELEIDSDOKUMENT

BEKENDMAKING (FLUITJIEBLASER)
Die Wet op Beskermde Bekendmakings, 26 van 2000

INLIGTING

Dokumentverwysing:	Bekendmaking
Verantwoordelike persoon (beleid):	Dr Frikkie Labuschagne
Afdeling verantwoordelik:	Oudit- en Risikokomitee
Outeur(s):	Dr Frikkie Labuschagne
Datum van hierdie weergawe:	
Weergawenommer:	1
Hersieningsdatum:	
Konsultasie met:	Voorsitter: Raad van Finansies Voorsitter: Oudit- en Risikokomitee

GOEDKEURING

Taalkundig versorg:	Handtekening Geproeflees deur Tessa Oppermann	Datum 19 Mei 2023
Goedkeuringsliggaam:	Kommissie van die AKV	
Goedgekeur deur:	Handtekening	Datum: Maart 2023

WEERGAWEREKORD

	Nr	Datum	Veranderinge
Huidige weergawe:	1	20 Desember 2022	
Vorige weergawes:			

INDEKS

1. DOEL VAN DIE BELEID 4
2. TOEPASLIKHEID 4
3. AGTERGROND 4
4. DIE NHKA SE GEDRAGSKODE / ETIESE KODE (*DIE KODE*) 5
5. DEFINISIES 5
6. OOGMERK VAN DIE PROSEDURE 6
7. PROSEDURE 7
7.1 BEKENDMAKING AAN DIE WERKGEWER 7
7.2 BEKENDMAKING AAN DIE VOORSITTER VAN DIE AKV / RAAD VAN FINANSIES . 8
7.3 BEKENDMAKING AAN DIE OPENBARE BESKERMER 8
8. BESKERMDE BEKENDMAKING 8
8.1 VEREISTES 8
8.2 REDELIKHEID 8
9. REMEDIES 9
10. KWAADWILLIGE BEDOELING 9
11. PROSEDURE NA ONTVANGS VAN 'N BEKENDMAKING 9
12. VERSLAGDOENING 10

1. DOEL VAN DIE BELEID

Die doel van hierdie beleid is om vir die NHKA (*die Kerk*), insluitende haar verwante organisasies, ringe en gemeentes, 'n werksomgewing te bevorder wat veilig, verantwoordelik, verantwoordbaar en responsief is. Alle werknemers, predikante en lidmate word aangemoedig om oortredings en/of onetiese handelinge aan te meld, sonder vrees vir beroepsbenadeling of vergelding. Alhoewel verskeie definisies aan fluitjieblaas toegeskryf kan word, sal dit vir die Kerk se doeleindes beteken dat 'n besorgdheid geopper en wanpraktyke binne die Kerk gekommunikeer word.

2. TOEPASLIKHEID

Die beleid is van toepassing op alle lede van die Kerk. Alle werkruimtes van die Kerk word versoek om hierdie beleid te inkorporeer in hul werkwyses en dit getrou toe te pas.

Enige bekendmaking wat handel met seksuele teistering of beweerde seksuele teistering word spesifiek uit die toepassing van hierdie beleid gelaat; daarmee sal ingevolge die beleid op onbillike diskriminasie, viktimisasie en seksuele teistering in die werkplek gehandel word.

3. AGTERGROND

* Die Wet op Beskermde Bekendmakings, 26 van 2000 (die Wet), maak voorsiening vir prosedures ingevolge waarvan werknemers en lidmate wat inligting van onwettige of onetiese optrede deur werkgewers of medewerkers bekend maak, teen beroepsbenadeling of benadeling beskerm word.

* Die doelwitte van die Wet is om 'n kultuur te skep wat die bekendmaking van inligting deur werknemers, met betrekking tot kriminele en onreëlmatige

optrede in die werkplek, op ’n wyse wat redelik is en onderskryf word deur omvattende, redelike riglyne vir die bekendmaking van sodanige inligting, asook beskerming teen enige vergelding as gevolg van sodanige bekendmakings, te fasiliteer;

EN

* om die uitwissing van kriminele en ander onreëlmatige optredes in private organisasies en staatsorgane te bevorder.

4. DIE NHKA SE GEDRAGSKODE / ETIESE KODE (*DIE KODE*)

* Die Kode maak daarvoor voorsiening dat werknemers, predikante of lidmate wat bewus word van enige bewyse dat die Kerk se fondse of eiendom dalk op ’n bedrieglike of onbehoorlike wyse gebruik is, die Kerk onmiddellik en in vertroulikheid in kennis moet stel.

* Indien iemand bewus word, of ’n vermoede het, van ’n oortreding en/of ’n insident van nie-nakoming, moet –

  ** predikante die NHKA se hoofnakomingsbeampte en interne nakomingsbeampte in kennis stel;
  ** lidmate die voorsitter van die kerkraad en/of voorsitter van die ringskommissie in kennis stel; en
  ** werknemers hul afdelingshoof en/of enige lid van die Bestuurskomitee in kennis stel.

5. DEFINISIES

Die Wet is gebruik as riglyn vir die volgende definisies:

Bekendmaking	ook bekend as *fluitjieblaas.* Dit beteken enige bekendmaking van inligting rakende enige gedrag van ’n werkgewer, werknemer, predikant of lidmaat deur ’n ander werknemer, ander predikant of ander lidmaat, wat rede het om te glo dat die betrokke inligting aantoon: a) dat ’n kriminele oortreding gepleeg is of gepleeg word of waarskynlik gepleeg sal word; en/of b) dat ’n persoon versuim het, versuim of waarskynlik sal versuim om enige wetlike verpligting van toepassing op daardie persoon/rol/pos na te kom; en/of c) dat ’n oortreding van die regulasie plaasgevind het, plaasvind of waarskynlik sal plaasvind; en/of d) dat die gesondheid en veiligheid van ’n individu in gevaar gestel is, is of waarskynlik in gevaar gestel sal word; en/of e) dat die omgewing beskadig is, beskadig word of waarskynlik beskadig sal word; en/of

	f) dat onbillike diskriminasie in terme van die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 plaasgevind het, plaasvind of waarskynlik gaan plaasvind; of g) dat enige aangeleentheid met betrekking tot items a) tot f) hierbo, doelbewus verswyg is, word of waarskynlik sal word
Beroepsbenadeling	met betrekking tot die werkomgewing van ’n werknemer, beteken om onderworpe te wees aan enige dissiplinêre stappe; afdanking, skorsing, degradering, teistering of intimidasie; om teen sy/haar wil oorgeplaas te word; om oordrag of bevordering geweier te word; om onderwerp te word aan ’n termyn of diensvoorwaarde of aftrede wat tot sy/haar nadeel verander of aangehou word; om ’n verwysing geweier te word of van ’n negatiewe verwysing deur sy/haar werkgewer voorsien te word; om aanstelling in enige diens, beroep of amp geweier te word; om gedreig te word met enige van die voorgenoemde aksies of andersins nadelig geraak te word ten opsigte van indiensneming, beroep of amp, werkgeleenthede en werksekuriteit
Beskermde bekendmaking	beteken om ’n predikant, lidmaat en werknemer te beskerm teen onbillike ontslag waar’n bekendmaking gemaak word, en vir die beskerming van ’n werknemer wat ’n beskermde openbaring maak. Die inhoud wat bekend word moet ook beskerm word
Fluitjieblaser	is iemand wat onwettigheid of ongerymdhede soos vermorsing, bedrog, korrupsie, misbruik van belastinggeld, diskriminasie of gevare vir die openbare gesondheid of omgewing, bekendmaak
Lid van die publiek	beteken enige persoon wat nie in diens van die Kerk of ’n lidmaat van die Kerk is nie
Ongerymdheid	beteken enige gedrag waarna in a) tot g) hierbo verwys word, ongeag of dit in Suid-Afrika of elders voorkom of plaasgevind het en ongeag of die wet wat op die ongerymdheid van toepassing is, dié van Suid-Afrika of ’n ander land is
Werkgewer	beteken die Kerk, gemeente, en/of enige verwante organisasies wat enige ander persoon in diens neem of werk verskaf en wat vergoed of uitdruklik of stilswyend onderneem om daardie ander persoon te vergoed, insluitend enige persoon wat namens of op gesag van sodanige werkgewer optree
Werknemer	beteken enige persoon wat in diens is van die Kerk, gemeente en/of vir ’n verwante organisasie werk en wat enige vergoeding ontvang of daarop geregtig is

6. OOGMERK VAN DIE PROSEDURE

Die oogmerk van die prosedure is –

* om beskerming teen beroeps- of ander benadeling aan ’n fluitjieblaser te verskaf nadat hy/sy ’n beskermde bekendmaking gemaak het;

* om remedies te voorsien indien beroeps- of ander benadeling gely word nadat ’n beskermde bekendmaking gemaak is; en

* om prosedures voor te skryf waarvolgens ’n persoon op ’n verantwoordelike wyse inligting rakende onbehoorlikhede deur sy/haar werkgewer of medewerkers bekend kan maak. Dit geld vir ongerymdhede voor of na die goedkeuring van hierdie beleid.

7. PROSEDURE

Dit is moeilik om anonieme aanmeldings behoorlik na te vors en te verifieer en meestal onmoontlik om te remedieer. Eerlike werknemers, predikante en lidmate word aangemoedig om gevalle soos volg te rapporteer:

7.1 BEKENDMAKING AAN DIE WERKGEWER

* ’n Persoon wat ’n besorgdheid oor wanpraktyke binne die Kerk wil opper, sal ’n bekendmaking aan sy/haar onmiddellike afdelingshoof, en/of die NHKA se hoofnakomingsbeampte, en/of die interne nakomingsbeampte en/of die nakomingsbeampte wat op gemeentelike en/of ringsvlak funksioneer, maak.

  ** Indien die bekendmaking verband hou met die persoon se afdelingshoof en/of die NHKA se hoofnakomingsbeampte en/of die interne nakomingsbeampte, moet die bekendmaking direk aan die voorsitter van die Algemene Kerkvergadering en/of die voorsitter van die Raad van Finansies van die NHKA gemaak word.
  ** Indien die bekendmaking verband hou met die lidmaat wat binne ’n gemeente/ring vir nakoming verantwoordelik is, moet die bekendmaking direk aan die NHKA se hoofnakomingsbeampte gemaak word.

* Indien die bekendmaking anoniem gemaak word, moet dit skriftelik per e-pos/skrywe aan die NHKA se hoofnakomingsbeampte gedoen word. Sy adres is op die Kerk se amptelike webwerf en ander dokumente beskikbaar.

  ** By ontvangs van ’n anonieme bekendmaking sal die NHKA se hoofnakomingsbeampte onmiddellik beoordeel of ’n ondersoek geregverdig en/of voorgestel word. Indien wel, moet ’n interne ondersoekkomitee of ’n interne gekwalifiseerde persoon of ’n onafhanklike derde party, waar toepaslik, aangestel word om ondersoek in te stel en toepaslike aanbevelings te maak.
  ** Die meriete van alle bewerings sal beoordeel word voordat enige regstellende aksies oorweeg en geïmplementeer word.

* ’n Persoon wat ’n beskermde bekendmaking openbaar, mag nie aan enige beroeps- of ander benadeling onderwerp word nie.

7.2 BEKENDMAKING AAN DIE VOORSITTER VAN DIE AKV / RAAD VAN FINANSIES

* ’n Uiterste ongerymdheid kan direk aan die voorsitter van die Kommissie van die AKV of voorsitter van die Raad van Finansies gerapporteer word, of indien die fluitjieblaser redelikerwys glo dat daar nie binne ’n redelike tydperk opgetree is in terme van paragraaf 7.1 hierbo nie.

* Die voorsitter van die Kommissie van die AKV of die voorsitter van die Raad van Finansies moet die aangeleentheid binne ’n redelike tydperk ondersoek, of verwys om ondersoek te word, en die nodige regstellende stappe neem.

* ’n Persoon wat ’n beskermde bekendmaking openbaar, mag nie aan enige beroeps- of ander benadeling onderwerp word nie.

7.3 BEKENDMAKING AAN DIE OPENBARE BESKERMER

Indien ’n persoon wat ’n bekendmaking ingevolge hierdie prosedure gedoen het, redelikerwys glo dat die prosedures in paragrawe 7.1 en 7.2 hierbo nie die saak wat aangemeld is voldoende aangespreek het nie EN/OF dat bewyse wat met die ongerymdheid verband hou, versteek of vernietig is/sal word, mag die fluitjieblaser hom/haar wend tot die Openbare Beskermer.

8. BESKERMDE BEKENDMAKING

8.1 VEREISTES

Die volgende vereistes geld ten einde die fluitjieblaser en/of die bekendmaking te beskerm. Die bekendmaking moet –

* aan een of meer van die volgende persone gemaak wees:

  ** die NHKA se hoofnakomingsbeampte; en/of
  ** die interne nakomingsbeampte van die Kerk; en/of
  ** die voorsitter van die Kommissie van die AKV; en/of
  ** die voorsitter van die Raad van Finansies; en/of
  ** die aangewese nakomingsbeampte van die ring; en/of
  ** die aangewese nakomingsbeampte van die gemeente; en/of
  ** die werknemer se afdelingshoof;

* in goeie trou gemaak word;

* verband hou met ’n oortreding van ’n wet, regulasie, prosedure, of handel met ’n aksie van ’n werknemer van die Kerk wat oneties is;

* in alle wesenlikheid waar wees;

* nie op beuselagtighede of persoonlike gewin ten koste van ander gebaseer wees nie.

8.2 REDELIKHEID

In die beoordeling van redelikheid van die bekendmaking, sal die volgende aspekte oorweeg word:

* Die identiteit van die persoon aan wie die bekendmaking gemaak word;

* die erns van die ongerymdheid;

* of die ongerymdheid steeds voortduur of waarskynlik in die toekoms sal voortduur;

* of die maak van die bekendmaking strydig is met ’n vertrouensplig teenoor die werkgewer of ’n ander persoon;

* of die bekendmaking handel met die afwyking van enige geldige prosedure van die werkgewer; en

* die openbare belang.

9. **REMEDIES**

Enige persoon wat aan beroeps- of ander benadeling onderwerp is/word weens die bekendmaking, mag –

* enige hof wat jurisdiksie het (insluitend die Arbeidshof) nader vir toepaslike regshulp; of

* enige ander proses volg wat deur enige wet toegelaat of voorgeskryf word.

10. **KWAADWILLIGE BEDOELING**

Enige bekendmakings wat deur ’n persoon met kwaadwillige bedoelings of vir eie gewin gemaak word, sal in ’n ernstige lig beskou word en sal in ooreenstemming met die Kerk se Kerkorde gehanteer word. Dit kan lei tot tughandeling teen die persoon.

Enige bekendmakings wat deur ’n lid van die publiek met kwaadwillige opset gemaak word, sal in ’n ernstige lig deur die Kerk beskou word en kan lei tot regstappe (siviele aksie) wat teen sodanige lid van die publiek ingestel mag word.

11. **PROSEDURE NA ONTVANGS VAN ’N BEKENDMAKING**

* Die nakomingsbeampte of vergadering moet binne 21 dae na skriftelike ontvangs van ’n bekendmaking, ontvangs van die bekendmaking erken en die fluitjieblaser inlig van enige besluit om –

    ** die aangeleentheid te ondersoek, en waar moontlik, ’n tydskaal waarbinne die ondersoek voltooi sal word;
    ** nie die aangeleentheid te ondersoek nie en die redes vir sodanige besluit aandui; of
    ** die bekendmaking na ’n ander persoon of liggaam te verwys.

* Indien die persoon of liggaam (of die persoon of liggaam na wie die saak verwys is) nie binne 21 dae ná die bekendmaking aan bogenoemde vereistes kan voldoen nie, moet die fluitjieblaser met tussenposes van nie langer as twee maande op ’n keer, skriftelik van die vordering in kennis gestel word.

* Die ondersoeker (persoon of liggaam) moet by die afhandeling van die ondersoek die fluitjieblaser skriftelik van die uitslag van die ondersoek en remedies in kennis stel.

* Daar word egter geen formele tydperk vir die afhandeling van ’n spesifieke ondersoek vasgestel nie, benewens dat die saak met uiterste dringendheid afgehandel moet word.

12. **VERSLAGDOENING**

* Enige bekendmaking wat ontvang is, moet binne 24 uur aan die NHKA se hoofnakomingsbeampte ter kennisname / verdere handeling gestuur word.

* Die NHKA se hoofnakomingsbeampte en/of interne nakomingsbeampte sal kwartaalliks ’n verslag van alle bekendmakings en die vordering, uitslag en remedies daarop aan die Raad van Finansies voorlê.

---oOo---